# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

1/2026 (Skippertjie nr.51) 14 Januarie 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Nuwe personeel
2. Medelye
3. Personeelverjaardae
4. Ouer-/onderwyserbraai
5. Oueraande
6. Kwartaalprogram
7. Buitemuurse bedrywighede
8. Swem
9. Gewone klere op verjaardag
10. Skooltye vir 2026
11. Nuwe skoolsweetpak
12. Skoolfonds vir 2026

**"A great attitude becomes a great day, which becomes a great year."**

## Afrikaanse woord van die week

**Veerkragtigheid:**

Die vermoë om aan te pas tydens moeilike situasies.

## 2026 SKOOLKWARTALE

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

Baie welkom terug aan al ons Park-leerders, ouers en personeel. Ons hoop dat u almal die Kerstyd, familietyd en rustyd geniet het en reg is om skouer aan die wiel te sit. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons nuwe leerders, ouers en personeel. Ons glo dat julle sommer gou deel sal word van die Park-familie. Aan die begin van hierdie jaar spreek ek weer die hoop uit dat elke leerder, ouer en personeellid daardie spreekwoordelike ekstra tree sal gee en veerkragtig sal wees. Om veerkragtig te wees en nuwe planne te kan maak, as dinge nie uitwerk soos jy gedink het nie, is 'n baie belangrike lewensbeginsel en iets wat ons in hierdie jaar moet poog om te doen. U het reeds die kwartaalprogram en buitemuurse rooster ontvang. Moedig asb. u kind aan om aan die aktiwiteite van die skool deel te neem. Ongelukkig mag dit wees dat daar soms aanpassings aan die program gemaak moet word soos wat dinge verander. Ons wil hierdie jaar graag voortbou op die momentum wat ons verlede jaar opgebou het en sal weer poog om die skool te bestuur sodat effektiewe en uitnemende onderrig en opleiding kan plaasvind. Ons is baie opgewonde oor die nuwe inisiatiewe wat begin en glo dat dit voordelig vir ons leerders en ouers gaan wees. So byvoorbeeld is ons Pikkewouter pre-primêre skool en nasorg gereed vir die leerders. Baie sterkte vir die 2026 skooljaar – ons sien met groot opgewondenheid uit! Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**Die Skippertjie word elke Vrydag via D6 uitgestuur!**

**1. Nuwe personeel**

Baie welkom aan al die nuwe personeel wat by ons aangesluit het:

- Me. Danielle Diesel (Graad 5)
- Mnr. Ethan Baird (SW en Sport)
- Me. Marguerite van Rensburg (Graad RRR)
- Me. Wilri Vorster (Graad RR)
- Me. Cara Cilliers – onderwysassistent by die grondslagfase
- Me. Inge van Tonder – onderwysassistent by die grondslagfase
- Mnr. Franco Engelbrecht – musiekdepartement
- Me. Joslin Marais – algemene assistent
- Me. Chrismen Oosthuizen – Nasorghoof
- Me. Annemarie Leonard – Nasorgtoesighouer
- Me. Marisa Meyer – Nasorgtoesighouer
- Ell-zumé du Toit – Nasorgtoesighouer

Ons glo dat julle gou by ons sal inskakel en baie gelukkig sal wees hier by die 100%-skool.

*100% Parkies*

**2. Medelye**

- Ons het verneem van die afsterwe van Marese (Gr. R) en Janli van Zyl (Gr. RRR) se pappa.
- Mnr Flippie Schutte se pa is ook oorlede gedurende die vakansie.

Ons harte en gebede gaan uit na die families en vriende.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


## VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 19 Jan: Oueraand: Gr. 4-7
Di, 20 Jan: Oueraand: Gr. RRR-3
Wo, 21 Jan: Interhuis atletiek: Gr. 3-7 (Stadion)
Do, 22 Jan: Interhuis atletiek: Gr. R-2 (Skool)
Vr, 23 Jan: Individuele foto's
Senior koorkamp
Sa, 24 Jan: Senior Koorkamp






## NUWE BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**3. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 22 Januarie – Olivia Louw

**4. Ouer-/onderwyserbraai**

Neem asb. kennis van die ouer/onderwyserbraai-geleentheid wat op Donderdag, 15 Januarie 2026 om 18:00 – 20:30 op die skool se sportvelde plaasvind. Dit sal in die vorm van 'n bring-en-braai wees waar die skool die braaivure voorsien en ouers hul eie vleis, bykosse, drinkgoed, eetgerei, stoele, ensovoorts saambring. Dit is 'n informele geleentheid waartydens ons sommer lekker gaan saamkuier en mekaar leer ken so aan die begin van die jaar. Almal is baie welkom! **(Let wel: Indien ons so gelukkig is om reën te kry sal die braai na Dinsdag, 20 Januarie skuif saam met die Grondslagfase oueraand. Ons hou u op hoogte)**

**5. Oueraande**

Neem asb. kennis van die oueraande wat volgende week plaasvind. Dit is baie belangrik dat alle ouers hierdie geleenthede bywoon omdat dit ook as inligtingsvergaderings dien vir u as ouer en wat vir die jaar voorlê. Tydens hierdie geleenthede kan u ook u kind/ers se klasonderwysers ontmoet. Die oueraande is as volg:

- Maandag, 19 Januarie: Graad 4 – 7 om 18:00 in die saal
- Dinsdag, 20 Januarie: Graad RRR – 3 om 18:00 in die saal

NB!

**6. Kwartaalprogram**

Die kwartaalprogram is reeds aan u uitgestuur. Raadpleeg dit gerus om seker te maak dat u op hoogte van sake bly. Onthou egter dat dit onderhewig aan verandering is.

**7. Buitemuurse bedrywighede**

Ons begin reeds hierdie week met die buitemuurse bedrywighede. Moedig asb. u kind aan om so ver moontlik aan die aktiwiteite deel te neem. Ons gaan met die atletiekoefeninge tydens skooltyd begin. Leerders mag vanaf Donderdag, 15 Januarie tot en met die Interhuis-atletiekbyeenkoms met sportklere skool toe kom hiervoor. Raadpleeg asb. die buitemuurse rooster vir die oefentye wat na skool plaasvind.

**8. Swem**

Baie geluk aan Ané Venter wat Eden verteenwoordig het by die Interdistrikte Kampioenskappe te Gqeberha. Sy het in verskeie items uitgeblink en twee 3de plekke, 'n 4de plek, 5de plek en twee 6de plekke behaal.

**9. Gewone klere op verjaardag**

Ons gaan hierdie jaar 'n vergunning maak dat leerders op die dag wat hulle verjaar gewone klere mag dra. Indien hulle oor 'n naweek of vakansie verjaar mag gewone klere op die dag voor of na die verjaardag gedra word. Geen gewone klere mag op Maandae gedra word nie, aangesien ons dan formele saalperiode het. Kleredrag moet steeds netjies en sinlik wees asb.

**10. Skooltye vir 2026**

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**11. Nuwe skoolsweetpak**

Let asb. daarop dat leerders 'n nuwe skoolsweetpakbaadjie en -broek kan aanskaf. Dit sal by die verskaffers beskikbaar wees. Die ou sweetpak sal steeds gedra mag word gedurende 2026, maar ons versoek ouers om so spoedig moontlik die nuwe sweetpak aan te skaf vir sportgeleenthede en om die baadjie saam met die skoolklere te dra.

**12. Skoolfonds vir 2026**

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: 16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**

NB!

Ouers wat hul skoolfonds vooruit betaal teen einde Februarie ontvang 5% korting.

NB: Nuwe bankbesonderhede


EDEN EDUCATIONAL SERVICES
afforable
STATIONERY & TEXTBOOKS
083 265 0798 | 8 BOEKENHOUTSTRAAT, HEIDERAND
30 POCKET VIEW FILE R20
PILOT SHAKER R27




We offer professional dance training for dancers aged 3 years and older, catering to all levels from beginner to advanced. Our classes focus on strong technique, creativity, confidence, and a love for movement in a supportive and inspiring enviroment.














STEPS DANCE academy













Contact Us: 066 265 6961 stepsdanceacademyofficial@gmail.com



# PKA 2026

## Park Krieket Akademie

**Inskrywings vir 2026 is nou oop via die QR Kode**

**R350 p/m - een sessie per week**
**R300 p/m indien meer as een kind per gesin**

**Kontak ons:** Juan 082 386 4271 Hennie 083 291 9103

# LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM

**VANAF JANUARIE 2026**

R 900 per maand
13:00 - 17:30

**REGISTREER NOU**

Navrae: 044 691 1020

Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar



# 2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

**January 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 01 | 02 | 03 |
| 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**February 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |

**March 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**April 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 01 | 02 | 03 | 04 |
| 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**May 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 01 | 02 |
| 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**June 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 |
| 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**July 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 01 | 02 | 03 | 04 |
| 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**August 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 01 |
| 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 |
| 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**September 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 |
| 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**October 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 01 | 02 | 03 |
| 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**November 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 |
| 08 | 09 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

**December 2026**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 01 | 02 | 03 | 04 | 05 |
| 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

| Public and School Holidays 2026 | |
|---|---|
| 01 January | New Year's Day |
| 21 March | Human Rights Day |
| 03 April | Good Friday |
| 06 April | Family Day |
| 27 April | Freedom Day |
| 01 May | Workers' Day |
| 15 June | Special School Holiday |
| 16 June | Youth Day |
| 09 August | National Women's Day |
| 10 August | Public Holiday |
| 24 September | Heritage Day |
| 16 December | Day of Reconciliation |
| 25 December | Christmas Day |
| 26 December | Day of Goodwill |

Weekends
School days
Special school holidays
Days for administration
Public holidays
School holidays

## SUMMARY OF 2026 CALENDAR FOR PUBLIC SCHOOLS

| Term | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (12) 14 January – 27 March | 11 | 53 (55) | 0 | 53 (55) |
| 2 | 08 April – 26 June | 12 | 58 | 3+1 | 54 |
| 3 | 21 July – 23 September | 10 | 47 | 1 | 46 |
| 4 | 06 October – 09 (11) December | 10 | 47 (49) | 0 | 47(49) |
| **Total** | | **43** | **205 (209)** | **4+1** | **200 (204)** |